GOVT. GAZETTE NO. 7493

No. 573 20 Maart 1981

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE OU OFFISIERSMENASIE DAAROP, TE PAULETSTRAAT 45, SOMERSET-OOS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die Ou Offisiersmenasie daarop, geleë te Pauletstraat 45, Somerset-Oos, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die Ou Offisiersmenasie daarop, synde 'n sekere stuk grond geleë in die munisipaliteit en afdeling van Somerset-Oos, synde die restant van Erf 57, Somerset-Oos, en groot drieduisend seshonderd ses-en-twintig (3 626) vierkante meter.

Transportakte 29920/1974, gedateer 5 September 1974.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie Georgiaanse dubbelverdiepinggebou is oorspronklik om en by 1815 deur lord Charles Somerset opgerig as menasie vir offisiere en vermoedelik ook soldate wat aan die Oosgrens gestasioneer was. Die Victoriaanse veranda is later aangebring. 10/2/833.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 573 20 March 1981

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE OLD OFFICERS' MESS THEREON, AT 45 PAULET STREET, SOMERSET EAST

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property with the Old Officers' Mess thereon, situated at 45 Paulet Street, Somerset East, to be a national monument.

*Description*

The property with the Old Officers' Mess thereon, being certain piece of land situate in the Municipality and Division of Somerset East, being the remainder of Erf 57, Somerset East, and measuring three thousand six hundred and twenty-six (3 626) square metres.

Deed of Transfer 29920/1974, dated 5 September 1974.

*Historical and architectural interest*

This Georgian double-storeyed building was originally erected in about 1815 by Lord Charles Somerset for officers and presumably also soldiers who were stationed on the Eastern Frontier. The Victorian verandah was added later. 10/2/833.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.